SEMIS is SANW se trots

Brig-genl Ghazi Al Serhan, stafhoof van die Noordelike Kommandement van die Jordaniese Weermag, by prof (kol) Louis du Plessis, Direkteur van Semis tydens 'n feitesending aan die Midde-Ooste. Navorsing het ingesluit die sensitiewe veiligheids-verhoudings tussen Israel en die Palestynse owerhede, en tussen Jordanië en sy buurstate, waaronder Irak. Voor die See van Galilea in die agtergrond is die omstrede grensgebied tussen Jordanië, Israel en Sirië, en die voet van die Golanhoogtes (regs op die foto) sigbaar.

'n Stukkie Kaap in Gauteng! Dit is nie wyd bekend dat daar 'n stukkie van Stellenbosch in Pretoria is nie. Die noordelike tak van die Sentrum van Militêre Studie (Semis), verbonde aan die Fakulteit Krygskunde, is geleë naby die Verdedigingshoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW). *Matieland* **het die Direkteur van Semis, prof Louis du Plessis, gevra om een en ander te vertel.**

Op 'n funksie waarop hy 'n studie deur die Sentrum van Militêre Studie (Semis) van die Universiteit Stellenbosch ontvang het, het die voormalige Hoof van die Weermag, genl Siphiwe Nyanda, opgemerk: "Die Sentrum vir Militêre Studie van die Universiteit van Stellenbosch is een van die belangrikste strukture binne die Departement van Verdediging want dit het gegroei tot ons primêre bron van strategiese navorsing. Dit is die bevindings van hierdie instelling wat rigting gee aan ons strategiese toekomsbeplanning en aan die navorsing van veiligheidstendense wat ander weermagslede onderneem. Die hoof fokuspunt van huidige navorsing gee indringend aandag aan sake van intense belang en groot waarde vir my en die lede van ons geïntegreerde hoofkwartier. Die kwessies wat reeds deur Semis aangespreek is, het 'n grondige invloed uitgeoefen op ons vooruitgang en ontwikkeling as die skild van die nasie."

Hierdie uitsonderlike oordeel is veral betekenisvol as 'n mens die groei van hierdie sentrum bekyk.

Die Sentrum vir Militêre Studie is aan die einde van 1980's by die Militêre Akademie in Saldanha gestig as 'n gesamentlike sentrum van die Universiteit Stellenbosch en die Departement van Verdediging. Die doel van die sentrum, gekoppel aan die Fakulteit Krygskunde, is om nasionale en internasionale veiligheidtendense te ontleed.

Teen 1995 was Semis reeds van soveel nut vir die Departement, dat die Verdedigingsbevelsraad wat die sentrum rig en finansier, 'n tweede tak met dieselfde vermoë in Thaba Tshwane in Pretoria, naby Verdedigingshoofkwartier gevestig het. Dit het daartoe bygedra dat die kundigheid, netwerke en invloed van Semis nasionaal en internasionaal kon uitbrei.

Die strategiese ontledings wat 'n span heeltydse ontleders en deeltydse medewerkers onder leiding van die Direkteur, prof Louis du Plessis, en die Adjunk-direkteur, prof Lindy Heinecken, sedert 1990 onderneem het, het neerslag gevind in voorleggings aan Verdedigingshoof-kwartier, in referate op vakkongresse en in boekhoofstukke en vaktydskrifartikels. Die Direkteur was mederedakteur van boeke soos *Protecting sub-Saharan Africa: the Military Challenge* en *Managing African Conflicts: the Challenge of Military Intervention* en die Adjunkdirekteur van *Military Unionism in the Post Cold War Era: A Future Reality*.

Na die vestiging van die suidelike en noordelike takke van Semis – een in Saldanha en een in Pretoria – het lede verskeie projekte onderneem oor veral die komplekse verbande tussen enersyds nasionale veiligheid en andersyds uiteenlopende verskynsels soos die etniese samestelling van 'n weermag, gesondheid en siektetoestande in weermagte, menslike hulpbronstelsels, diversiteitsbestuur en militêre vakbondvorming.

Spesiale navorsingsvelde sluit in:

- die aard van konflik in Afrika,
- die historiese ontwikkeling en funksies van veiligheidsmagte in Afrika,
- ontplooiing van veiligheidsmagte vir binnelandse orde en buitelandse vredesmissies,
- die veiligheidsfunksies van die Afrika-unie,
- burgerlik-militêre verhoudings,
- die ingewikkelde en ontwykende verbande tussen veiligheid en ontwikkeling, en
- alternatiewe veiligheidscenarios vir die 21ste eeu, ook vir Afrika.

Naas elektroniese skakeling met buitelandse instellings, was Semis-lede bevoorreg om met steun van die Departement van Verdediging verskeie feitesendings en navorsingsbesoeke te bring aan buitelandse sentra en weermagte.

Benewens besoeke aan militêre instellings in Europese lande, waaronder Brittanje, Frankryk, Nederland, Denemarke, Duitsland, Oostenryk en Pole, het Semis-lede ook projekte onderneem aan militêre akademies soos West Point in die Verenigde State, Kingston in Kanada, Sao Paulo in Brazilië en Canberra in Australië. Van besondere waarde vir huidige Suid-Afrikaanse veiligheidsbeleid was die feitesendings aan die weermagte van Nigerië, Israel en Jordanië en na die generale staf en strategiese sentra van die Sjinese Volksbevrydingsleër in Beijieng en Badalieng.

■Kontak prof Louis du Plessis by louis@cemis.co.za.